

CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

Die Brief aan die Filippense
'n Christelike Lewenswandel



Kopiereg ©2018 Herman Breytenbach
Christelike Lektuurfonds
Privaatsak X19
Wellington
7654
www.clf.co.za
021 873 6964

Alle regte voorbehou.

Tensy anders aangedui is alle Bybeltekste wat in hierdie publikasie aangehaal word, geneem uit die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans.
Met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring of deur enige ander stelsel vir inligtingbewaring of -ontsluiting.

Omslag deur Hanelke Bruwer
Uitleg deur Amanda Carstens

Gedruk en gebind deur
Eerste uitgawe, eerste druk 2018

ISBN 978-1-86804-443-6

Inhoudsopgawe

'n Woord vooraf 1
1. Agtergrond 1
Ligging en kenmerke van Filippi 1
Die Via Egnatia 3
Die goudstormloop 5
Die Romeine as bevoorregtes 6
Verskillende soorte godsdienste 7
Die tale wat gepraat is 8
2. Die brief aan die Filippense 9
Die briewe van Paulus 9
Paulus, die skrywer van die brief aan die Filippense 10
Paulus se geloofskrisis 12
Paulus se intense betrokkenheid by sy medegelowiges 12
Paulus se geloofsblyheid 13
Paulus stap die stad Filippi binne 14
3. Wat het ons met die gemeente van Filippi in gemeen? 15
Hoe moet ons aanbid? 15
Wie moet ons aanbid? 16
Die bevoorregtes in ons gemeenskap 16
4. Paulus begin met sy boodskap 19
Gemeentelike omstandighede 20
5. Hoe kan ons die boodskap verstaan en onthou? 21
6. Die as van die wiel: Jesus is ons model 22
Die twee dele van die as 22
Vers 6 24
God neem self oor by die kruis 26
Opsomming 27
Kan ons soos Jesus wees? 28

Sal dit maklik wees om Jesus te volg? 29
Wat is die uiteinde van 'n Christelike lewe? 29
Vrae.....29
7. Die eerste speek van die wiel:
Ons behoort aan God deur Jesus Christus 30
Die eerste speek 31
Hoe gebeur kindskap van God? 33
Wat is ons verantwoordelikheid? 34
God neem die leiding 36
Die Heilige Gees 37
'n Christelike lewenswandel 38
Geestelike groei by dié wat aan God behoort 39
'n Fyn aanvoeling 42
Paulus se teenstanders: (Fil 2:15-18) 42
Paulus is van plan om Timoteus gou na die gemeente
te stuur (Fil 2:19-20) 44
Vrae 46
8. Die tweede speek van die wiel: Standvastig en eensgesind.....47
Aansporing tot standvastigheid en eensgesindheid 48
Hoe leef ek in ooreenstemming met die evangelie? 49
Die tweede speek van naderby beskou 50
Die fondasie vir eengesindheid 52
Vrae 54
9. Die derde speek van die wiel: Wat motiveer jou in die lewe? 55
Wat behoort ons motivering te wees tot 'n Christelike lewenswandel?....56
'n Lewe met Christus is altyd betekenisvol ten spyte van swaarkry 57
Stryd en lyding vir Christus 59
Geloofsvreugde 60
Vrae 61
10. Die vierde speek van die wiel: En as ek val?.....62

En sê nou maar jy val? 63
Vrae 64
11. Die vyfde speek van die wiel: Wees bly 65
Doen dinge sonder 'n klomp klaagliedere 66
Vrae 66
12. Die sesde speek van die wiel: Wees gehoorsaam 67
Wees gehoorsaam 68
Vrae 68
13. Die sewende speek van die wiel: Wees 'n ligdraer 69
Die lig van die wêreld 70
Vrae 71
14. Die agste speek van die wiel: Lewe as 'n verloste mens 72
Lewe as 'n verloste mens 73
Vrae 74
15. Die negende speek van die wiel: My lewe is 'n offer 75
Gee jou lewe as 'n offer 76
Paulus se lyding 78
Is daar hoegenaamd enige sin in lyding? 78
Hoe hanteer jy jou lyding? 80
Samevattend 81
Vrae 82
16. Die tiende speek van die wiel: Wat van my opponente? 83
Verandering 84
Vrae 85
17. Die elfde speek van die wiel: Hoe beplan ek? 86
Paulus se beplanning 87
Paulus betrek vir Timoteus 87
Paulus se verdere beplanning 87
Riglyne met jou beplanning 88
Was die toekoms aan Paulus bekend gewees? 88

Paulus se planne en Epafroditos 89
Vrae 89
18. Die twaalfde speek van die wiel: Hou by die woord van God 90
Paulus se waarskuwings teen dwaallering 91
Paulus skeur sy getuigskrif op 92
Paulus laat hom nie intimideer nie 92
Wat het Paulus self bereik? 92
Watter voorregte bring Christus vir ons? 93
Vrae 93
19. Die dertiende speek van die wiel:
'n Christen leef anders as ander mense 94
Wees altyd bly in die Here! 95
Opregte blydskap 95
Wees inskiklik teenoor alle mense 98
Wees oor niks besorg nie 100
Die gebedslewe van 'n Christen 100
Vrae 102
20. Die veertiende speek van die wiel:
Die gemeente is heiliges wat aan God behoort 103
Agter Jesus aan op die geloofsroete 194
Vrae 108
21. Kan mense verander? 109
Die brein van die mens 110
Ou denkpatrone 114
Die Here het ons gemaak om te groei 115
Die deugde van 'n Christelike lewe 118
Christenskap word uitgeleef deur tevredenheid en gawes 124
Vrae 126
Slotwoorde 127
Bibliografie 128

’n Woord vooraf

Met niemand van ons gaan dit altyd net goed nie. Ons het almal ons persoonlike “ups and downs”. Tog het ons seker almal ervaar dat daar nog hoop is. ’n Christen moet nooit hopeloos voel nie want Christus is ons reddende Hoop. Vir Paulus is dít die enigste sekerheid waaraan hy vashou. Die kern van die brief aan die Filippense brief is opgesluit in die tweede hoofstuk, vers 6–11, waar dit handel oor Jesus se vernedering en verhoging. Die doel van hierdie bespreking is dat dit die fokuspunt sal wees deur ons hele lewe. Die grootste gevaar van hierdie Bybelgedeeltes wat al soveel keer aan ons verduidelik is, is dat ons dit as teorieë kan begin sien. Ek dink nie dit sal gebeur as jy hierdie publikasie deurwerk nie. Die brief het my intens geraak. Wanneer jy hierdie 104 verse deurlees, sal jy die naam Jesus of sy titel, Here, 51 keer teëkom. Dit sê wie Paulus se gedagtegang oorheers het.

My gebed is dat hierdie kerngedeelte, Filippense 2:6–11, en ook die hele boek weer vir elkeen wat dit lees nuwe insig, moed en hoop sal bring. Mag die Here help dat ons die lig van Jesus wat op ons val, sal weerkaats sodat dit vir ander lig kan bring in ’n donker wêreld. Mag ons leer om die diep, innerlike blydskap wat alle verstand te bowe gaan aan ander te kan deurgee. Mag die Here ons leer hoe om die goeie deugde van Christenwees te beoefen en om ook in ons eie lewes sodat ons die aflosstokkie vir ander kan aangee sodat ons die eindstreep vir Jesus kan haal.

Hoe om hierdie boek te gebruik:

In die middel van ’n fietswiel is daar ’n as waarom die wiel draai. Vanaf die as loop daar ’n klomp speke na die buitekant van die wiel. Hierdie speke hou die wiel stewig. Na aanleiding van hierdie beeld, sal ons oor die inhoud van Filippense praat. Die verskillende “speke” in Filippense hou die wiel van ons geestelike lewe stewig.

Ek wil graag gebruik maak van 'n konkrete voorbeeld sodat ons die boodskap van Paulus aan die Filippense duideliker sal onthou. Wanneer ek die voorbeeld van 'n fietswiel gebruik, is dit nie 'n fiets wat vasgemaak is in die fietsloods nie maar 'n fiets wat jy moet trap.

Die as van die wiel is die kern waarom die brief aan die Filippense draai, naamlik Hoofstuk 2:5–11. Rondom hierdie middelpunt is daar veertien speke wat ons op ons geloofsreis kan aanmoedig. Dit is ons geloofswiel met die speke van die fiets as riglyne vir ons lewe.

- Lees eers die Skrifgedeelte en dan die geskrewe stuk in jou **persoonlike stiltetyd**. Vanaf die eerste speek gaan dit oor selfondersoek. Jy moet eers seker maak of jy 'n verhouding met God het. Wanneer jy een speek deeglik bestudeer het en na die volgende speek gaan, moet jy nie die eerste een as afgehandel beskou nie. Al die speke dra by dat die wiel stewig bly. Die verskillende speke vorm 'n eenheid wat elkeen 'n funksie het, naamlik om die wiel stewig te hou. Maak vir julle 'n fietswiel en behandel by elke byeenkoms die volgende speek in die wiel sodat die selgroepe dieselfde gedeelte in dieselfde tyd behandel. Dan is daar goeie kommunikasie wat tot geloofsgroei kan lei. Dis my gebed dat hierdie boek tot verandering in jou persoonlike lewe en verhouding met God sal lei.
- Hierdie boek kan nóg beter in **selgroepe** gebruik word waar ons met mekaar kan deel en saam kan leer sodat dit lewensveranderend en vernuwend inwerk op 'n mens, die ander sellede en die hele gemeente.
- Die metafoor van 'n fietswiel sal jou help om die boodskap van hierdie boek te onthou en met jou saam te dra. Dis 'n brief van Paulus wat jy asseblief moet lees.

Herman Breytenbach
hbreyten@lantic.net

1
AGTERGROND

Kaart van antieke Griekeland, Masedonië en Klein-Asië in die tyd van Paulus en die vroeë kerk

Ligging en kenmerke van Filippi

Probeer saam met my dink oor die dorpie Filippi in terme van ligging, doel en unieke eiesoortige karakter, want Paulus móés hier gaan werk. Paulus, Silas, Lukas en Timoteus was eintlik op pad na Asië waar hulle die evangelie sou gaan verkondig.

Jesus het egter deur die Heilige Gees hulle verhinder om in die evangelie in die provinsie Asië te gaan verkondig want hulle moes na Filippi gaan om dáár die evangelie te gaan verkondig. Op hierdie manier het Paulus-hulle deur Frigië en Galasië gereis. Die Heilige Gees, oftewel die "Gees van Jesus" (Hand 16:7), kom staan dus in die pad van Paulus se planne, al was dit goed bedoel. Die Gees verhinder Paulus en sy metgeselle om verder voort te gaan met hulle eie planne. Hulle moet God se plan volg.

Dit was ongeveer 51 nC toe Paulus en sy metgeselle verhinder is om na Asië te gaan soos wat hulle beplan het. Selfs toe hulle by die grens van Misië gekom het en na Bitinië wou probeer gaan, het die Heilige Gees hulle verhinder. Hulle het toe deur Misië na Troas gereis. Hierdie tweede sendingreis van Paulus het nie verloop soos hy beplan het nie. God wou hê Paulus moes in Filippi gaan werk.

In Handelinge 16:6–12 vertel Lukas vir ons dat die Heilige Gees in 'n droom vir Paulus gesê het om na Filippi te gaan. Paulus, Silas, Timoteus en Lukas het so gou moontlik alles reggekry en per skip vanaf Troas na Masedonië vertrek. Masedonië was deel van Griekeland en is deel van die kontinent wat ons nou Europa noem.

Ongeveer 100 jaar voordat Paulus, Silas en Timoteus Filippi besoek het, het die stad wêreldbekend geword omdat 'n belangrike geveg daar plaasgevind het. Brutus en Cassius was al twee betrokke by die sluipmoord op Julius Caesar. Die meeste mense onthou die baie bekende woorde: *Et tu, Brute?* Tydens 'n geveg by Filippi het Brutus en Cassius die onderspit gedelf teen Octavianus wat later die stad Filippi herbou en tot 'n groot militêre sentrum gemaak het.

Die vraag bly steeds hoekom Paulus na Filippi moes gaan om die evangelie te verkondig? Die antwoord op hierdie vraag sal mettertyd duideliker word. Eers moet ons 'n deeglike begrip kry van die mense van Filippi aan wie Paulus die boodskap gaan verkondig het en die omstandighede waarin hy sou werk.

Die Via Egnatia

Die ruïnes van Filippi.

Die Via Egnatia was 'n pad wat deur die Romeine in die tweede eeu vC gebou is. Dit het deur Illirië, Masedonië en Thracië geloop, die gebied wat vandag deel is van moderne Albanië, die Republiek van Masedonië en die Europese deel van Turkye.

Filippi het al vir meer as 400 jaar bestaan toe Paulus daar aankom. Dit was al 'n ou stad met sy eie eienaardighede, kultuur en gebruike.

Dit was 'n stad in die ooste van Masedonië, in die Egonisgebied. Die oorspronklike naam van Filippi was Krenidas wat "fonteine" beteken nadat dit deur setlaars van Thasos in 360/359 vC opgerig is. Die stad is in 356 vC deur Philip II hernoem en in die veertiende eeu na die Ottoman oorwinnings verlaat. Die stad was in daardie stadium al 'n hele ruk deel van die Romeinse Ryk en dus onder Romeinse bewind.

Wat egter van kardinale belang is vir ons om Paulus se sendingwerk te verstaan, is dat die Via Egnatia in die sesde eeu voor Christus 'n militêre "snelweg" was wat deur Filippi geloop het. In die noord-oostelike gedeeltes van Griekeland tot by Bulgarye is dit so bergagtig dat die roete oor Filippi werklik die enigste gemaklike en begaanbare roete van oos na wes was. Dit het die padbouer Gnaeus Egnatius destyds besef.

Gnaeus Egnatius het die Via Egnatia van ses meter breed in 145 vC begin bou. Die Via Egnatia het Rome met die huidige Istanbul of die destydse Konstantinopel verbind. Hierdie roete van 1 120 km het 'n lewenslyn tussen die ooste en die weste geword. Die roete was 'n belangrike faktor in die verspreiding van die Romeinse kultuur en godsdiens en dit is dalk die groot rede waarom die Heilige Gees Paulus verhinder het om in Klein-Asië te gaan werk. Die geleenthede om mense van verskillende wêrelddele te ontmoet was in Filippi baie groter. Op so 'n manier kon Paulus 'n kosmopolitiese stad bedien wat weer die evangelie verder die wêreld kon inneem. Oorblyfsels van die Via Egnatia bestaan nog soos hierdie gedeelte in Tessalonika op die foto wys.

Die Via Egnetia was 'n belangrike deel van die Romeinse padnetwerk hoofsaaklik omdat dit Rome met Konstantinopel (die huidige Istanbul) verbind het. Dit het 'n lewenslyn tussen die oostelike en westelike dele van 'n enorme ryk geword.

Met ander woorde die vernaamste roete wat Europa met Asië verbind het, het deur Filippi gegaan. Filippi was baie strategies geleë vir handel met Neapolis as die naaste hawe dertien kilometer van Filippi af. Filippi was 'n deurgangsroete waar mense vertoef het wanneer hulle gereis het van die ooste [Adriatiese See] na die weste [Egeïese See] en ons weet vandag dat 'n stad wat net as deurgang gebruik word meer nadele as voordele het. Die inwoners van Filippi het sekerlik hierdie geleentheid gebruik om handel te dryf met al die besoekers maar die reisigers het hulle weinig aan etiese beginsels en waardes gesteur.

Van heinde en verre het verskillende rasse met verskillende kulture, gewoontes en gebruike in Filippi vertoef op pad na hul eintlike bestemming en elkeen het maar 'n spoor agtergelaat. Die reisigers het weinig gevoel gehad teenoor 'n stad en sy mense waardeur hulle net moes reis.

Die goudstormloop

Behalwe vir die feit dat Filippi op 'n belangrike verbindingsroete tussen die ooste en die weste gelê het, was daar 'n ander aantrekkingskrag aan die stad met sy ongeveer 10 000 inwoners waarvan omtrent veertig persent Latyn gepraat het en die res Griekssprekende burgers was. Die Joodse bevolking was maar bitter klein want jy het tien Jode nodig gehad om 'n sinagoge te bou en daar was nie destyds 'n sinagoge in Filippi nie (Hand 16:13). Lukas vermeld dat Paulus met vroue langs die rivieroewer van die Gangites- of Krenidesrivier gaan praat het met die hoop om 'n Joodse bidplek te vind (vgl Hand 16:13).

Die inwoners wat Grieks gepraat het, het bestaan uit boere wat met fisante geboer het, diensverskaffers en slawe. Dit was egter die goudstormloop in 358 vC wat groot aandag getrek het.

Filippus II, die pa van Alexander die Grote, waarna Filippi vernoem is, het alles in sy vermoë gedoen om die goudstropers daar

weg te hou. Die goud het vir hom baie voordele ingehou. Daarmee kon hy sy eie koninkryk uitbou asook van die Grieke omkoop om hul land te verraai. Die klassieke spreekwoord van hierdie goue reël is: "Die een wat die goud het, maak die reëls." Filippus II het 'n weermag op die been gebring wat hy goed betaal het om die goud te beskerm. So het hy die Persiese regeerder geword waarna in die boek Daniël (vgl 8:5–8; 11:3,4) verwys word.

Die Romeine as bevoorregtes

Filippi het in 168 vC onder Romeinse bewind gekom. Romeinse burgers het groot voordele gehad selfs in vergelyking met ander onderdane van die Romeinse ryk, selfs die sogenaamde "uitlanders" of *peregrini*. 'n *Peregrinus* was 'n vry provinsiale onderdaan van die Romeinse Ryk en, al was hy nie 'n slaaf nie, het hy nie dieselfde status as 'n Romeinse burger gehad nie. Hier was dus sprake van diskriminasie teen diegene wat van "vreemde plekke" gekom het.

In Filippi was daar heelwat soldate en oudsoldate wat ook geen belasting hoef te betaal het nie. Die Romeinse burgers was baie trots op hulle stad omdat dit vir hulle voordele ingehou het. Die Romeinse burgers het die Romeinse modes nagevolg en was ter wille van die gemaksone bereid om die Romeinse wette na te kom. Hul geldeenheid was die wettige eenheid en hulle het vakansies gehad wat die nie-Romeinse burgers nie gehad het nie. Die Romeine kon stem terwyl die Grieke nie stemreg gehad het nie. Ons ken hierdie eensydige bevooroordeling van een bevolkingsgroep bo 'n ander. Dit werk nie en maak dit soveel moeiliker om die evangelie te verkondig omdat daar spanning bestaan tussen die bevoorregtes en die minderbevoorregtes.

In die sestigerjare van die eerste eeu na Christus was daar onstabiele omstandighede onder keiser Nero in Rome. Nero het die Christene as 'n bedreiging vir sy regering gesien.

Daarom het hy die Christene geblameer vir die vuur wat Rome in die jaar 64 nC in puin gelê het en hulle wreedaardig hieroor vervolg. In die lig hiervan lyk dit asof die brief aan die Filippense rondom die jare 60–62 nC geskryf is, gedurende die tyd wat Paulus 'n gevangene in Rome was.

Verskillende soorte godsdienste

In Filippi was daar ook 'n mengelmoes van allerhande soorte godsdienste. Sommige mense het die gode van daardie streek gedien terwyl ander weer Grieks-Romeinse gode of selfs gode van Egipte en Sirië aanbid het. Keiserverering was ook aan die orde van die dag. Terwyl sommige Romeinse onderdane die keisers vroeg reeds as gode aanbid het, het ander hulle bloot as goddelik vereer deur offerandes. Die keiser, in hierdie geval Nero, is tydens openbare feesgeleenthede in die stad vereer as "heer en redder". Natuurlik het Paulus hierteenoor skerp gereageer deur Jesus as die enigste Here voor te hou (vgl Fil 2:5–11]. Jesus was en is die enigste Redder teenoor die Romeine wat politieke "redders" aanbid en bely het.

Die Romeine het alle gode aanbid wat onder andere die boere gehelp het. Elke familie het 'n eie huisgod of *lar familiaris* gehad wat by hulle gebly het tot en met hulle dood. Forculus was die god wat die huis se deur bewaak het, terwyl Limentinus na die deurdrumpel en Kardea na die skarniere omgesien het. Vesta was die godin van die vuurherd. Vandag is daar nog steeds rotsgraverings te sien van die Griekse godin Artemis (Diana is die Romeinse ekwivalent).

Daar was ook 'n groepie Jode wat die Joodse godsdiens aangehang het maar daar was geen amptelike Joodse bidplek nie. Paulus het met 'n groepie gepraat wat by die rivier aanbid het. Hier het Paulus sy eerste gemeente gestig. Die groot vraag is hoe Paulus tot hulle deurgedring het.

Die tale wat gepraat is

Veertig persent van die ongeveer 10 000 inwoners van Filippi ten tye van Paulus se besoek aan die stad was Romeine wat Latyn gepraat het en die res was Griekssprekendes. Daar was dus nie net een spreektaal nie. Daarom het Paulus besluit om in Grieks te kommunikeer.

Paulus moes teen al bogenoemde negatiewe elemente kompeteer om die evangelie te verkondig.

2
Die Brief aan die Filippense

Die briewe van Paulus

Paulus het dertien briewe in totaal geskryf waarvan vier gevangenskapbriewe is, naamlik Efesiërs, Filippense, Kolossense en Filemon. Daar is 'n paar teoloë, onder andere Bauer, wat meen hierdie brief pas nie in by Paulus se teologie nie omdat die ampte van opsieners en diakens eers gedurende 'n latere periode sou ontwikkel het.

Daar is egter heelwat teoloë wat meen dat hierdie brief wel deur Paulus geskryf is. Paulus het waarskynlik hierdie brief aan die Filippense vanuit sy gevangenskap in Rome geskryf. Lukas verwys in Handelinge 28:16, 30–31 na Paulus se gevangenskap en dit plaas die waarskynlikste datum vir die skryf van die brief aan die Filippense iewers tussen 60 en 62 nC.

Die gemeente in Filippi was die eerste Christelike gemeente wat Paulus op Europese bodem geplant het en die geskatte jaartal lê tussen 49 en 50 nC. Paulus praat twee keer van die keiserlike wag (*praetorium*) in Filippense 1:13 en 4:22. Hierdie keiserlike elite troepe van die Romeine het uit 9 000 man bestaan. Geen verwysing na mishandeling of lyding kom in die brief voor nie wat ooreenstem met Lukas se vertelling van Paulus se huisarres direk na sy aankoms in Rome (Hand 28:16, 30–31). Maar in Filippense 1:20–25 sien ons Paulus wag eintlik sy doodsvonnis af omdat die Romeine teen die verkondiging van die evangelie was. Ons kan hierdie woorde van Paulus verstaan teen die agtergrond van die onstabiele omstandighede onder keiser Nero in Rome in die vroeë jare sestig na Christus. Nero het die Christene lewend in arenas gegooi vir wilde honde of hulle met teer gesmeer en aan die brand gesteek sodat hulle as fakkels tydens sy feesvierings kon dien. Die Christene was

getalsgewys toe nie vir Nero 'n bedreiging nie behalwe dat hy nie van hulle geloofsoortuiging gehou het nie. Die Christene het geglo hulle moet Jesus Christus aanbid en daarom wou hulle nie tydens openbare geleenthede neerkniel en Nero aanbid nie. Daarvan het die magsbehepte Nero niks gehou nie. Daarom wou hy hulle totaal vernietig voordat hulle 'n bedreiging sou word.

Paulus, die skrywer van die brief aan die Filippense

Om die teologie van Paulus te verstaan moet jy eers iets van die menswees van Paulus verstaan.

Paulus was uit die stam van Benjamin en is in Tarsus in Silisië gebore [vgl Hand 22:3, 28, Fil 3:5) tussen ongeveer 1 tot 5 nC. Alhoewel Paulus in Handelinge 22:28 sê dat hy van geboorte 'n Romeinse burger is, het hy moontlik Romeinse burgerskap verkry omdat hy vir 'n Romeinse hooggeplaaste gewerk het. Sy pa was 'n Griekssprekende Fariseër en sy ma was 'n Griekssprekende Jodin wat in Galilea grootgeword het. Hy was 'n Jood met die Hebreeuse naam Saulus wat "begeer" beteken. Sy familie het kort na sy geboorte na Jerusalem verhuis waar hy grootgeword en aan die voete van die Fariseër Gamaliël geleer het (Hand 22:3). Sy suster het waarskynlik sy ouers oortuig om haar broer teologie te laat studeer.

Saulus was 'n bietjie jonger as Jesus en was bewus van die gebeure rondom Jesus. Hy het aan die hoof gestaan van die mense wat die Christene vervolg het en het opdrag gegee dat Stefanus gesteneg moes word (vgl Hand 7:58; 8:1–3; 9:1; 1:14).

Dan volg die ontmoeting van Saulus met Jesus op die Damaskuspad waarvan in Handelinge 9 vertel word. Dit was waarskynlik in die vroeë jare 30 na Christus se dood. Blind gaan hy terug na Jerusalem waar Ananias hom aanraak en daarna gaan hy vir drie jaar na Sirië en Silisië waar hy vanuit 'n ander oogpunt die Skrifte bestudeer het en die God van die Skrifte persoonlik leer

ken het. Volgens Jan van der Watt (2014:167) het Paulus geweet van Joodse geskrifte (vgl Kol 3:16; 2 Tim 2:25, 3:15). Paulus het moontlik gedurende sy verblyf in hierdie omgewing 'n gemeente of twee gestig (Hand 15:41). Daarna het hy met sy sendingreise in ongeveer 48 nC begin.

Paulus skryf die brief aan die Filippense en stuur dit saam met Epafroditos om vir die gemeente dankie te sê vir die geld wat hulle aan hom gestuur het. Paulus gebruik in sy brief aan die Filippense dikwels die woorde "dankbaarheid" en "blydskap" (sestien keer). Paulus is geneig om baie vriendskapstaal in sy briewe te gebruik. Gordon Fee meen die gedagte van blydskap kom tot 34 keer in die brief voor.

Die vraag is of Paulus dit werklik eg bedoel het, want hy was in die *tronk* in Rome. Ek dink Robert Fortna was reg toe hy gesê het dat Paulus 'n "donker kant" in sy lewe gehad het, en dat hierdie donker kant sy dryfkrag geword het. (Met "donker kant" word verwys na Paulus wat die Christene vervolg het.)

Paulus is later terug na Jerusalem waar hy voor die Sanhedrin verskyn het. Hulle het hom as gevangene na Sesarea gestuur waar hy twee jaar gebly het (vgl Hand 21:17–26:32). Vandaar is hy na Rome gestuur waar hy ook twee jaar gevange gehou is (vgl Hand 27 en 28). In hierdie tyd het hy, soos genoem, vermoedelik die brief aan die Filippense geskryf waaroor dit in hierdie publikasie handel. Daar is teorieë dat Paulus vandaar na Spanje is maar daar is nie klinkklare bewyse hiervoor nie. Hy is later terug na Rome met 'n tweede gevangenskap waar hy dan tereggestel is (2 Tim 4:6–8). Die dood van Paulus was waarskynlik in die middel van die jare sestig na Christus.

Paulus se geloofskrisis

Paulus het 'n geloofskrisis gehad en daardeur leer 'n mens baie van hom. 'n Mens kan nie net in Jesus glo nie, maar jy moet ook bereid wees om vir Hom te ly. Die kern van Christenwees kan saamgevat word in die woord "selfverloëning". Jy raak ontslae van jou eiewilligheid. Dinge wat voorheen vir jou baie belangrik was, word minder belangrik.

Voorheen het Paulus geroem op sy afstamming uit die stam van Benjamin en sy besnydenis maar nou beskou hy dit as waardeloos. Hy moes leer om alles te herwaardeer. So vra Paulus aan homself die vraag wat ons almal behoort te vra, naamlik "Waarheen is ek op pad?"

Ons moet ons lewes herwaardeer. Dit gaan miskien nie om so 'n radikale omkeer as in Paulus se lewe nie maar oor 'n herwaardering van wat die grootste gewig in jou lewe dra. Is dit ons innigste begeerte of hartstog om die Here en Hom alleen te dien? 'n Herwaardering is absoluut noodsaaklik in ons almal se lewes.

Die dinge waarteen Paulus in sy geestelike lewe gestry het, het hom groter waagmoed gegee. Die gevaarlike dinge het hom juis aangemoedig om die evangelie onbevrees te verkondig. Hy was byna uitdagend teenoor die omstandighede. Paulus het tot die besef gekom dat dit nie genoeg is om net in die Here te glo nie, jy moet ook vir die Here kan ly. Daarom was Paulus se grootste begeerte om die Here te ken en elke dag beter te leer ken. Om Jesus te ken word vir Paulus die hoogste doel en strewe in sy lewe.

Paulus se intense betrokkenheid by sy medegelowiges

Paulus was verder deeglik onder die indruk van 'n paar dinge wat in die gemeente van Filippi aan die gang was, naamlik:

- Paulus is baie dankbaar vir hul medelye met wat hy deurmaak (vgl Fil 1:3–8, 12-26).
- Hulle ervaar geweldige teenstand as gevolg van hul geloof (vgl Fil 1:27–30).
- Hulle leef of probeer oorleef in 'n deurmekaar sedelose wêreld (Fil 2:15).
- Hy is bewus van tweespalt onder die gelowiges (Fil 2:1–4).
- Hy is bewus van dwaalleraars (Fil 3:2).

Daarom roep hy die gemeente op tot volharding, eensgesindheid en geloofsvertroue.

Paulus se geloofsblyheid

Paulus se gevangenskap in Rome demp nie sy vreugde nie want sy lewensingesteldheid was dat die lewe vir hom "Christus (is) en die sterwe wins" (Fil 1:21).

Paulus was al vir 'n geruime tyd 'n gevangene toe hy die brief aan die Filippense geskryf het en 'n mens begryp daarom die ongedempte vreugde van hierdie brief nog minder. Tog sal dit vir ons duideliker word wanneer ons na Filippense 2:6–11 kyk.

Gelukkig lyk dit asof Paulus geen fisieke lyding of mishandeling op daardie tydstip beleef het nie (Fil 1:7,13–14). Lukas praat ook van Paulus se huisarres direk ná sy aankoms in Rome (Hand 28:16, 30–31).

Aan die een kant verwag Paulus dat hy dalk gou vrygelaat sou word (Fil 1:25, 2:24) maar aan die ander kant verwag Paulus ook dat groot gevaar vorentoe sy voorland gaan wees (Fil 1:20-24).

Hoe dit ook al sy, hierdie brief van Paulus was 'n vriendskaplike brief. In die antieke tyd het sulke vriendskapsbriewe 'n kenmerkende retoriese stylvorm gehad waar die tema van vriendskap soos 'n goue draad deur die brief geloop het.

Paulus stap die stad Filippi binne

Die feit dat Filippi op 'n deurroete gelê het, het veroorsaak dat die stad 'n kosmopolitiese karakter gehad het – 'n mengelmoes van mense uit verskillende dele en met verskillende agtergronde, kultuur en godsdiens. Om as sendeling in so 'n stad aan te kom moes vir Paulus 'n baie vreemde en selfs ontstellende ervaring gewees het. Dit was 'n stad wat gewemel het van afgodery en bygelowe. Dit sou baie makliker gewees het as die inwoners nie met die buitewêreld en allerlei godsdienste kontak gehad het nie, nie korrupsie en diskriminasie geken het nie, maar almal dieselfde taal gepraat het, ewe swaargekry het en nie so welvarend was nie. Die teendeel was egter waar.

Ongelukkig word Paulus hier gekonfronteer met 'n stad wat as deurgangsroete gebruik is en waarheen daar van oor die hele wêreld 'n toeloop van mense was wat geld en geluk kom soek het. In Filippi was daar diskriminasie tussen bevoorregtes en minder bevoorregtes. Die mense wat in die stad vertoef het, het hoegenaamd geen gevoel teenoor die plek gehad nie en selfs die inwoners het hulle nie juis aan etiese beginsels gesteur nie. Paulus, Silas en Lukas moes in hierdie gemors instap en Jesus se boodskap verkondig. Geen wonder dat Paulus daarna verlang het om te sterf en eerder na Christus toe wou verhuis nie. Maar selfs in daardie omstandighede was Christus steeds vir Paulus die lewe self.

3
Wat het ons met die gemeente van Filippi in gemeen?

Ons het ook 'n magdom godsdienste in ons land – miskien selfs meer as wat die mense destyds in Filippi gehad het. Miskien moet 'n mens daarby ook sê dat ons met 'n magdom *kerke* in ons land te make het. Klein plattelandse dorpies het dikwels 'n paar verskillende Afrikaanse kerke. Ons ingesteldheid is op bakstene in plaas van aanbidding. Ons verwys meer dikwels na die kerkgebou eerder as na die aanbidding. Mense sal sê: "Ons het 'n pragtige kerk" of "Ons kerk is baie mooi binnekant" of selfs "Ons kerk is regtig nie prakties nie."

Hoe moet ons aanbid?

As ons Paulus se briewe lees, verwys hy telkens daarna dat aanbidding niks te make het met 'n kerkgebou nie, maar alles te make het met 'n aanbiddende lewensstyl. Lees gerus weer Romeine 12 waar dit gaan oor die "wesenlike van die godsdiens" (vers 1) wat ons moet beoefen.

Ek is bevrees ons manier van aanbidding is dalk vir óns goed en lekker, maar is dit hoe God van ons verwag om Hom te aanbid? Aanbid ons werklik die Here "deur die Gees en in waarheid" (Johannes 4:23)? Ons moet besef dat Johannes hierdeur bedoel "volgens God se wil".

Daarmee saam kry 'n mens soveel onenigheid in die kerke. 'n Mens wonder waarom so baie mense by groot makrogemeentes aangesluit? Is dit omdat hulle daar meer verskuil is en hulle individualiteit daar kan handhaaf? Lidmate voel soms die spanning

aan en loop dan oor van een kerk na 'n ander. Die kerk vang dus nie meer nuwe "visse" nie maar ruil net visse uit van een bak na 'n ander.

Na die groei van die charismatiese kerke in die 1980's en later wil dit voorkom of daar nou weer 'n ander tendens onder kerkgangers is. Dit kom voor of baie gelowiges nou op soek is na meer konserwatiewe kerke met 'n meer konserwatiewe uitkyk op die Christelike lewe en Skrifbeskouing. Dit lyk of mense daarvan hou om gemeet te word aan hoeveel keer hulle kerk toe gaan of hoeveel keer hulle Bybel lees. Hulle meet hulleself selfs ook aan die naam wat hulle vir God gebruik en daarom hoor jy dat mense van Abba Vader, Jahweh, ensovoorts, praat.

Wie moet ons aanbid?

Soos in Filippi het ons dus ook te make nie net met hoe aanbid word nie, maar ook met wie aanbid moet word. Moet ons die God van die Ou Testament aanbid? Moet ons Allah aanbid? Moet ons die Gees aanbid? Moet ons moeder Maria aanbid? Moet ons die pastoor of dominee aanbid? Moet ons een of ander beeld aanbid wat ons kan sien en waaraan ons kan raak? Dalk dink party mense ons moet sekere heilige tekste aanbid.

As Christene moet ons dit baie duideliker uitspel in wie ons glo en wie ons aanbid. Ons aanbid God in en deur Jesus Christus wat mens geword het, gesterf het en opgestaan het. Ons aanbid 'n lewende God. As God net 'n granietgod was, moes ons Hom lankal begrawe het.

Die bevoorregtes in ons gemeenskap

Die hele kwessie van bevoorregtes sal altyd 'n seer punt in ons land wees. In Filippi was die bevoorregtes diegene met Romeinse burgerskap. By ons in Suid-Afrika is wit mense tydens die apartheidsjare bevoordeel. Die situasie is nou anders en 'n mens

kan waarskynlik sê dat die politici die bevoorregtes is. Hulle sal met blink motors verby gebiede ry waar geen krag en water is nie.

Nagenoeg 30 jaar gelede is oudpresident Nelson Mandela vrygelaat en van toe af het 'n nuwe geslag "vrygeborenes" deel van die Suid-Afrikaanse bevolking geword. Die komplekse Suid-Afrikaanse samelewing steier egter steeds onder rassespanning, diensleweringbetogings, korrupsie op baie fronte en die onvermoë van die regering om ekonomiese groei en werkgeleenthede aan te help.

Die laaste keer wat die reënboognasie saamgestaan het, was toe Suid-Afrika die Webb Ellis-trofee in 1995 gewen het. Daarom word daar nou nog so 'n ophef van die span en die geleentheid gemaak. Suid-Afrika het in 2007 weer die wêreldbeker vir rugby gewen, maar dit het nie so 'n geweldige impak gehad nie.

Die scenario-beplanner Clem Sunter het na die Marikana-slagting die vraag gevra of Suid-Afrika nie in 'n mislukte staat ontaard het nie. Dr Theuns Eloff teken in sy boek *Wat nou, Suid Afrika?* (2016) 'n ontstellende prentjie van Suid-Afrika. Volgens hom is werkloosheid een van die grootste bedreigings wat daagliks toeneem. Die strewe na versoening het in trurat gegaan. Volgens uitgewers het hulle opgehou om boeke uit te gee met die titel "versoening" – mense stel nie belang nie. Almal is bekommerd oor die dalende standaard van ons onderwys.

Mense wat hulleself in Suid-Afrika Christene noem, tree strydig op teen die leer van die Christelike geloof. Uit 2001 se sensusopname het dit geblyk dat omtrent 85% van Suid-Afrikaners hulleself as Christene beskou. Die vermoede bestaan dat hierdie persentasie vandag (2018) veel laer is.

Na aanleiding van bogenoemde faktore kan 'n mens die vraag vra of dit enigsins makliker of moeiliker raak om die evangelie in Suid-Afrika te verkondig? 'n Mens wil amper vir die mense van Filippi sê: "As julle gedink het julle het probleme, kom kyk by ons!"

4
Paulus begin met sy boodskap

Gemeentelike omstandighede

Paulus het die gemeente Filippi gestig ten spyte van die omstandighede soos hierbo geskets. Die gemeente leef tussen heidene met slegte gewoontes (Fil 2:15) en die stad Filippi was oorspoel met Romeinse gode en kultusse asook met verskillende vorms van keiserlike verering.

Paulus was deeglik bewus daarvan dat die gemeente geweldige teenstand ervaar as gevolg van hulle geloof (Fil 1:27–30). Keiser Nero is in daardie tyd by baie openbare feesgeleenthede in die stad as heer en redder vereer en almal was verplig om daaraan deel te neem. Dit het vir die Christene baie probleme geskep omdat hulle Jesus as die enigste Heer en Redder beskou het. Paulus verduidelik dit baie duidelik in Filippense 2:5–11 wat as die kern van die brief beskou word.

Daar was op die koop toe dreigende tweespalt onder die gelowiges en dwaalleraars het die suiwerheid van die evangelie bedreig (Fil 2:1–4 en 3:2). Paulus roep daarom die gemeente op tot volharding, eensgesindheid en geloofsvertroue.

Die brief Filippense is deur Paulus geskryf met Timoteus as sy medesender of posman. Een van die redes vir Paulus se skrywe was omdat Paulus 'n geskenk van die gemeentes ontvang het en wat Epafroditos aflewer het (Fil 4:14, 18). Epafroditos was een van die gemeentelede wat deur die gemeente afgevaardig was om Paulus te gaan bystaan tydens sy gevangenskap (Fil 2:25–30).